N11/1/A1AFR/SP2/AFR/TZ0/XX

88110004

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Monday 14 November 2011 (morning)
Lundi 14 novembre 2011 (matin)
Lunes 14 de noviembre de 2011 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© International Baccalaureate Organization 2011

https://xtremepape.rs/

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werke van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat* ***nie*** *gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal* ***nie*** *hoë punte behaal* ***nie****.*

**Drama**

**1.** "Donkerte en bloed. Sy lot staan opgeskryf in die sterre." Hierdie aanhaling uit 'n drama suggereer dat eksterne magte die lewenstrajek van karakters kan bepaal. Bespreek die geldigheid van so 'n beskouing deur na ten minste twee gelese dramas te verwys.

**2.** 'n Inherente kenmerk van die drama as genre is die *dénouement* (die oomblik van opheldering en ontknoping). Demonstreer hoe die *dénouement* as 'n dramatiese *element* hom manifesteer in ten minste twee gelese dramas.

**Poësie**

**3.** Alhoewel digters oor die algemeen breë universeel menslike kwessies aanspreek, kan daar tog gepraat word van unieke gender temas wat deur vroue en mans onderskeidelik aangespreek word? Deur na 'n paar gelese gedigte van òf mans òf vroue te verwys, demonstreer hoe die geslagte tog ook gender unieke perspektiewe aanspreek.

**4.** Vanweë sy beperkte formaat verg die poësie 'n bondige en gedronge taalgebruik. Demonstreer aan die hand van 'n paar gelese gedigte hoe effektiewe taal poësie kan laai met evokatiewe energie.

**Roman**

**5.** Afrikaanse romans speel haas altyd af teen 'n Afrika agtergrond, waar dié kontinent meer bydra as bloot lokale kleur, aangesien etnisiteit, kleur en kultuur altyd teenwoordig is in die Suid-Afrikaanse sosiale landskap. Deur na ten minste na twee romans te verwys, ondersoek die wyse waarop die kontinent steeds as agtergrond dien.

**6.** Die romansier het die vertelruimte om 'n verhaal oor jare en selfs generasies te vertel. Deur na karakters in ten minste twee gelese romans te verwys, toon aan hoe karakters geleidelik deur die inspeel van 'n opeenvolging van gebeure tot ontwikkeling kom.



https://xtremepape.rs/

**Kortverhaal**

**7.** Die goeie kortverhaal vereis 'n spannende verhaallyn wat van die openingparagraaf tot die slotparagraaf strek. Deur na enkele kortverhale te verwys, demonstreer hoe die storielyn telkens van die begin tot die einde die leser geboei hou.

**8.** "Die temas van my kortverhale word nie gefrabiseer nie. Wat my fassineer, is alledaagse dinge wat rondom my gebeur. Die merkwaardige lê in die alledaagse." Deur na 'n paar kortverhale te verwys, verduidelik wat die skrywer wat hierbo aangehaal word, bedoel met "die merkwaardige lê in die alledaagse".

**Algemeen**

**9.** "Die magspel tussen man en vrou is dikwels onderliggend aan letterkundige tekste." Deur na 'n paar tekste uit meer as een genre te verwys, bespreek die geldigheid van die stelling.

**10.** Sommige lesers lees uitsluitlik ontspanningsleesstof, terwyl ander "ernstige" leesstof verkies. Wanneer kan fiksie bloot as ontspanningslektuur beskou word, en wat maak fiksie letterkunde? Hoe geldig is dit om 'n onderskeid te maak tussen "ernstige" en "ontspanningsletterkunde"?

**11.** "In watter genre skrywers ook al skryf, hulle bly verbind om universeel menslike problematiek aan te spreek." Met verwysing na bestudeerde werke oorweeg hoe skrywers in hul gekose genre kwessies aanspreek wat ons almal raak.

**12.** "Alle letterkunde probeer sin maak van 'n menslike situasie." Deur na tekste in meer as een genre te verwys, bespreek die geldigheid van die stelling.

---



https://xtremepape.rs/